LAERSKOOL LOUIS LEIPOLDT 28 Februarie

Graad een Akademiese Kwartaalprogram (yskasbrief)

Geagte Ouers
Baie dankie vir u positiewe samewerking gedurende die eerste kwartaal. Maak jou brein slimmer perseptuele oefeninge is aan die einde van die yskasbrief. Leerders moet dit asb. tuis oefen.

Tema: Die weer

Week 1:

- Tuiswerk word Maandag gegee, handig asb. Vrydag in. Onthou om te merk.
- Rympie: Reën. Word tuis en klassikaal aangeleer.
- d-klank word aangeleer. Bou woorde: das, die, dik, dien, dis, dak, doek, met uitgeknipte klankies.
- Leerders mag nie die d omkeer nie.
- Begin by die regte beginkol.
- Let op dat die hoofletter en kleinletter verskil. Lees: Herken die d-klank in die leeskaarte.
- Leerders moet aangeleerde hoof- en kleinletterklankies baie goed ken. (o, oo, s, a, aa, e, ee k, i, d, oe, ie)
- ***Skryf en handskrif word geassesseer - Korrekte vorming van klanke is belangrik.***
- Getalname een tot vyf.
- Leerders moet vorentoe en agtertoe op ‘n getallelyn kan tel tot by 20. Hulle moet in ewe, onewe getalle en in 5’e kan tel en skryf.
- Meer en minder / plus en minus.
- Hoofrekene: Getalkombinasies van 1-5.
- ***Getalle, bewerkings en verwantskappe word geassesseer.***
- ***Patrone word geassesseer.***
- Engels: Story - Bedtime adventures. Word klassikaal gedoen.
- Kuns: Herfsboom.
- Lewensvaardigheid: Praat oor verskillende weersomstandighede.
- Winters- en somersklere word behandel.

Week 2:

- Huiswerk word Maandag uitgegee, handig asb Vrydag in.
- Rympie: Kaalvoetjies. Word tuis en klassikaal aangeleer.
- M en t-klanke word aangeleer. Bou woorde: tas, mat, maat, mes, tak, taak, moet, mis, mak, maak, met uitgeknipte klankies.
- Leerders mag nie die t omkeer nie.
- Begin by die regte beginkol.

- Let op dat die hoofletter en kleinletter verskil. Lees: Herken die m en t-klanke in die leeskaarte.
- ***Bou asb elke dag woorde by die huis – maak seker dat u kind die aangeleerde klanke ken. (o, oo, s, a, aa, e, ee, oe, k, i, ie, d, m, t)***
- Ons doen huisiesomme in die klas. Werk met plus en minus.

Week 3 :

Ons stuur die boeke vir u huistoe. Gaan dit asb. deur, teken en stuur dit die volgende dag terug skooltoe.

Baie dankie vir u positiewe samewerking.

- Huiswerk gaan huistoe.
- Rympie: Apie op ‘n stokkie. Word tuis en klassikaal aangeleer.
- h-klank word aangeleer. Bou woorde: hik, hek, hok, hak, hoek, haas, hoed, hoes, met uitgeknipte klankies.
- Leerders mag nie die h omkeer nie.
- Begin by die regte beginkol.
- Let op dat die hoofletter en kleinletter verskil. Lees: Herken die h-klank in die leeskaarte.
- Hersiening en inskerping van alle aangeleerde werk word gedoen.

Skool sluit Donderdag 17 Maart om 10:00.

Geniet die vakansie.
Graad een Personeel



MAAK JOU BREIN SLIMMER: Gr.1

- **Fynmotories:** Bou legkaarte (‘n Gr.1 leerder moet al op hierdie stadium enigiets van ‘n 18-50 stuk legkaart kan bou. Begin eers maklik en gaan dan na die meer stukke. Selfvertroue is belangriker as die hoeveelheid stukke.)
- **Fynmotories:** Ryg kraletjies of pasta in ‘n toutjie of veter.
- **Fynmotories:** Rol klei balletjies met duim en wysvinger.
- **Fynmotories:** Knip en plak aktiwiteit.